# SAFRIESPERD

2013



*Joernaal - 5*

Geborg deur Fremar Trust Friesperdstoet

# FREMAR TRUST

## - Friesperdstoet



Frik Van Greune
Sel: 082 410 1497
Posbus 641, Meyerton 1960
mastrec_vaal@polka.co.za













FRIESPERD 2013

# INHOUDSOPGAWE

INHOUDSOPGAWE


| | |
|---|---|
| Voorwoord | 3 |
| Friesperd Raad 2012 / 2013 | 3 |
| Vanaf die President | 6 |
| Piet en Piet | 8 |
| The use of upgrading in studbreeding | 10 |
| Beoordelaarslys | 17 |
| Vrede Skou | 18, 19 |
| Bloemfontein Skou | 23, 24, 26 |
| Genootskap lede | 28 |
| Friesperd lede | 35 |


## ADVERTEERDERS


| | |
|---|---|
| Aveleda | 16 |
| Baden Stoet | 40 |
| Esfané | 15 |
| Fremar Trust Friesperdstoet | IFC |
| GWK | OBC |
| Ikahan | 27 |
| Jansie | 20-22 |
| Jorami | 34 |
| Kavalo | 4 & 5 |
| Lele Friesperd Stoet | 2 |
| Lone Palm | IBC |
| Mihanlo | 11 |
| Mogambo | 25 |
| Poseidon | 12 |
| Stir 'n Hope | 29 |
| Van Imhoff | 30 |
| Weltevreden | 39 |



**FRIESPERDTELERSGENOOTSKAP VAN SA / FRIESIAN HORSE BREEDERS SOCIETY OF SA**

HENRY STRAAT 118 • POSBUS / PO BOX 1060 • BLOEMFONTEIN • 9300

TEL: 051-4100954 • FAKS/FAX: 0865731021 • E-POS: elna@studbook.co.za



Die menings van skrywers in die blad verteenwoordig nie noodwendig die menings van lede van die Friesperdtelersgenootskap gemoeid met die uitgee van hierdie blad nie. / The opinions of the contributors do not necessariy express the opinions of the members of the Friesian Breeders' Society concerned with the publication of the journal.



Uitleg en druk: Oranje Drukkery 2012 (058) 481-2105) 110486



# Lele

## - friesperd Stoet

Die Lele Friesperdstoet het in 1988 aan die voet van die Witkoppe in die Noord Oos Vrystaat ontstaan.
Vier jong Friesperdhingste is aangekoop en daarna merries uit die Welvaartstoet wat afstamelinge van die bekende Abè was, hierdie het die basis van die stoet gevorm. Twee jong hingste, seuns van Vincent, is later aangeskaf. Merries is met Tjerk, Rynard, Janneman en Bertus B ge-KI. Riemertjie het eenvormigheid, aksie en houding vasgeteel.

Tans word twee ingevoerde seuns van Beart naamlik Eloff en Dewald in die stoet gebruik. Semen is ook beskikbaar.

Ons ideaal is om perde te teel vir die skoubaan, dreseer, in te span en om te ry.

Skakel Le Roux 0823281090

2012/2013

# FRIESPERD Raad



**PRESIDENT**
**Le Roux Botha**
PO Box 161
Vrede • 9835
082 325 1090
hlrbotha@gmail.com



**VICE PRESIDENT**
**Johny Moore**
PO Box 7076
Bloemfontein • 9301
083 280 6206



**COUNCIL MEMBER - TVL**
**Sias Horn**
Postnetsuite 1126
Privaatsak X9013
Ermelo • 2350
082 337 2160



**COUNCIL MEMBER - CAPE**
**Pieter Loubser (Snr)**
PO Box 55
Malmesbury • 7300
082 927 3161



**COUNCIL MEMBER - FREE STATE**
**Dick Swanepoel**
PO Box 73
Dewetsdorp • 9940
083 975 5011



**ADDITIONAL MEMBER**
**Pieter Loubser (Jnr)**
PO Box 55
Malmesbury • 7300
imhoff@webmobile.co.za
082 368 9856



**ADDITIONAL MEMBER**
**Uys Steenkamp**
PO Box 229 653
Calvinia • 8190 0
27 341 2164

## VOORWOORD

### Wat 'n groot voorreg om weer 'n Friesperd joernaal te kan uitgee.

Graag wil ek die hoofborg mnr Frik van Greune bedank vir sy groot bydrae.

Baie dankie aan al ons adverteerders. Sonder julle sou daar beslis nie so 'n mooi joernaal gewees het nie.

Hierdie joernaal kan u met trots aan u kopers en voornemende lede uitdeel. Die joernaal is regtig 'n toonvenster van die ras en ons hoop dat volgende keer meer telers in die joernaal sal adverteer.

Graag wil ek ook lede vra om 2013 se skoue te ondersteun en dit te geniet.

Voorspoed vir 2013 en mag almal 'n geseënde jaar beleef.

Le Roux Botha
PRESIDENT



# Kavalo

## Friesperd Stoet




*Sy passie, liefde en nederigheid... dit is die erfenis van my Oupa aan my.*

*Ons droom van 'n eie stoet, het die lig gesien in 2005.*
*En vandag raak ons vingerpunte aan ons ideaal.*


*Om gehalte vullens te teel, en met nederigheid,*
*liefde en passie vir hierdie trotse ras, as gesin saam te deel.*

*Mag dit waarvoor ons staan nog diep spore laat...*




*"..sy trotse gesnuif is 'n verskrikking.*
*Hy grawe in die laagte en is vrolik in sy krag,*
*hy trek uit, die stryd tegemoet.*
*Hy lag oor die vrees en word nie verskrik nie*
*en draai nie om vir die swaard nie.*
*Onstuimig en wild verslind hy die grond en*
*staan nie stil as die basuin klink nie..."*
*Job 39*





Bloem Skou 2012



Kampioen 2012





Bloem Skou 2011




*Grootvlei Mpumalanga*

*Klaas Venter - 082 870 2912*
*Carina Venter - 082 927 5634*

*E-pos: kjcv@vodamail.co.za*



# Vanaf die President

LE ROUX BOTHA

**Die jaar 2012 is tot dusver 'n besige jaar en met die lente in die lug en die somer om die draai is dit vir my 'n voorreg om 'n oorsig te gee van die aktiwiteite van die Genootskap.**

Gedurende die jaar het ons drie Raadsvergaderings in Bloemfontein en een in Tulbagh gehou. Ons Nasionale Kampioenskappe is in Bloemfontein gehou. Skoue is ook aangebied te Vrede, Vereniging, Ottosdal en Petrusburg waar almal lekker saam geskou en kuier het. Ons is nou ook pas terug van 'n baie suksesvolle Tulbagh skou. Die Kersfees skou te Ottosdal word einde November aangebied. Aan die organiseerders van die skoue baie dankie vir al jul opofferings en tyd. Skoue is vir ons 'n vertoon-venster van ons diere en ter uitbouing van ons Friesperd ras.

Die Genootskap het hierdie jaar 'n baie suksesvolle Beoordelaarskursus aangebied en 15 kandidate het die kursus bygewoon. Ekself en Sias Horn het die kursus aangebied en hiermee wil ek hom ook weereens bedank vir sy opoffering, asook vir Johny Moore



en Dick Swanepoel wat die perde vir die kursus voorsien het. Dit was 'n aangename klomp kandidate en ons almal het dit baie geniet. Selfs Oom Pieter het kom hand bysit by die inspan.

Lede kan gerus in die toekoms ons webblad dophou vir inskrywingsvorms van skoue asook uitslae en fotos sal daar gepubliseer word. Ons ontvang ook graag nuwe foto's van lede om op ons webblad te plaas. U is ook welkom om die kantoor te kontak indien u 'n perd wil verkoop of koop, ons sal dit gratis op die webblad plaas.

Ons beoog hierdie jaar ook groot bemarkingsaksies vir die ras asook 'n inligtingsdag. Daar was reeds 'n artikel in die SA Horseman en verder was daar 'n insetsel op Kyknet asook dele van die Nasionale Kampioenskappe was op kanaal 2 uitgesaai. Ons het ook uitsendings gehad op Agri SA en TV2.

Nampo was ook soos altyd 'n groot sukses en die kantoor het baie navrae na die tyd ontvang en nuwe lede het selfs hierna aangesluit. Dankie aan Tiny van Rooyen, Marinda De Villiers en Frik van Greune wat daar uitgestal het vir die Genootskap.

Die hoeveelheid geregistreerde perde staan op 745 Hingste en 1562 Merries wat 'n totaal van 2332 perde gee. Die ledetal het met 31 nuwe lede gegroei en die totale ledetal staan op 183, saam met die Genootskapslede 221. Die Genootskap verwelkom alle nuwe lede en vertrou dat hulle gou by die Friesperd familie sal inskalel. Groot dank aan keurders en lede wat nuwe lede vir die Genootskap werf. Hierdie jaar is daar 142 perde gekeur in die land en 23 perde ingevoer.

Baie dankie aan Stamboek personeel en span: nl Herman Labuschagne, Charl Hunlun, Sumari Taljaard, Lettie Kruger en die personeel van die Sekretariaat: nl mnr Chris Els en Elna Lötter wat die afgelope jaar baie met ons ras se administrasie vermag het. Charl Hunlun het dan ook die ondersoek afgehandel en 'n deeglike verslag geskryf oor ons ras. Dit sal vir my 'n eer wees om vanjaar ons ras as 'n gevestigde ras te kan verklaar in SA.

Die per kapitas van die Genootskap is uitgestuur en die kantoor het wel baie terug ontvang, maar daar is nog persone wat nie hul lyste reggestel het nie. Onthou om die oorspronklike sertifikaat saam met u kuddelys aan die kantoor terug te stuur. Moet nie sertifikate aan kopers gee nie, maar stuur self die sertifikaat vir oordrag na die kantoor met volle besonderhede van die koper. Verder moet daarop gelet word dat geen oordrag aangeteken kan word sonder die oorspronklike sertifikaat nie. Indien die sertifikaat verlore geraak het moet die aansoek vergesel word met 'n verklaring en versoek om 'n duplikaat uit te reik.

Ek wil beklemtoon dat die Friesperd-kantoor se deure altyd oopstaan vir u as lede om administrasie probleme uit te sorteer. Maak assebief gebruik hiervan. Elna is baie behulpsaam. My dank aan Chris Els en Elna wat al ons probleme uitgesorteer het, daar is eintlik nie meer klagtes nie.

Graag wil ons al ons borge bedank vir hul bydrae gedurende die jaar.

Die jaar wat verby is het ek opgetel dat ons lede graag wil skou om hulle goed versorgde diere te vertoon. Dit sal egter nog 'n rukkie neem om lede te leer om te kan wen en te kan verloor.

Dit is egter ons taak om nuwe skou lede op te lei om saam te skou en ons reëls na te kom om sodoende 'n gedisiplineerde Genootskap te kan hê.

Dankie aan elke lid vir u ondersteuning hetsy met 'n brief of 'n telefoonoproep. My dank ook aan ons Hemelse Vader vir Sy genade en leiding.

Ek dank u.

LE ROUX BOTHA
PRESIDENT - FRIESPERDTELERSGENOOTSKAP VAN SA

# Piet & Piet



Die Friesperd in Suid-Afrika sal selfs in toekomstige geslagte as monument dien vir twee pioniers wat hul kleim as bouers van dié ras aan die suiderpunt van ons kontinent afgesteek het. Só skryf **HENNIE BASSON** wat oor baie jare 'n noue verbintenis met beide van hulle gehad het.

Toe Piet Botha onlangs van voorneme was om van sy honderde perde ontslae te raak, het 'n groot heimwee my oorval. Dat die ongekende toneel van 'n menigte swart Friese en Frieskruisings wat op geil weidings gedy, nie meer op Geyerspan se horison te siene sou wees nie, het behoorlik 'n knop in die keel gelaat. Gelukkig dat hy tot ander insigte gekom het………





Dis immers vanaf dié waterryke "oase" in die ou Wes-Transvaal dat hierdie oud-Suidwester oor die afgelope twee dekades die Friesperd sy invloed oor veral die sentrale en noordelike deel van die land laat geld het. Tot enkele jare gelede was hierdie nog die grootste Friesperdstoet in die suidelike halfrond – 'n bekende Friesperdbaken wat van internasionaal bekende bewonderaars van hierdie ras tot fotograwe van wêreld-aansien hierheen gelok het.

Aanvanklik het Piet lorrievragte Friesperde vanuit veral die Wes- en Suid-Kaap hierheen gebring en mettertyd is die stoet met van die beste genemateriaal vanaf Friesland veredel. Nooit het hy egter gehuiwer om van sy beste teelmateriaal aan telers oral deur die land te laat toekom nie.

Die bydrae van Piet Bedryf, soos hy allerweë bekend staan, tot die uitbreiding en verbetering van die ras se genepoel (selfs tot in Namibië), sal sekerlik nie gou weer geëwenaar word nie.

Wanneer 'n mens aan hierdie onverskrokke boer en perdeteler dink, gaan 'n mens se herinneringe ook onwillekeurig na 'n ewe bekende

Piet, oftewel Oom Pieter Loubser van Malmesbury. Hy het veral sedert 1994 'n groot bydrae gelewer om Piet Bedryf met raad en daad by te staan toe hy sy eerste gitswart hingste uit Friesland begin invoer het.

Spoedig sou 'n sterk band tussen hierdie verloopte Suidwester van Duitse afkoms en die stoere Swartlander gevorm word. Saam het hulle selfs gaan perde uitsoek in die Fries se land van oorsprong.

Soos bykans alle tradisionele trekperdmanne van die Boland was Oom Pieter egter 'n skouman by uitstek – iemand wat die vroeë, stormagtige stigtingsjare van die Friesperdtelersgenootskap van SA beleef en die organisasie sterk ondersteun het. Geyerspan se baas was dit weer nie.

As individualis het hy, op sy beurt, nie veel erg daaraan gehad om hom altyd aan die bloudruk en voorskrifte van 'n telersgenootskap te steur nie. Pleks van te skou, het hy sy ideaal eerder uitgeleef om dmv die nou-reeds-bekende Hoefslagfeeste Friesperde en perde van verskillende ander rasse in verskeie skouspelagtige items aan duisende mense te vertoon.

**Dit was veral hierdie uiteenlopende ideolgieë wat tot gevolg gehad het dat die verhouding tussen hierdie twee sterk figure in die bedryf mettertyd verstram het.**

Tog het wedersydse respek vir mekaar altyddeur die botoon gevoer en gelukkig is dit steeds die geval.

Om dit te bevestig, het Piet Bedryf juis twee jaar gelede vir Oom Pieter op een van sy Hoefslagfeeste vereer vir sy uitsonderlike bydrae tot die Friesperd- en skoubedryf in die land. Hiervoor is hierdie pionier ook enkele maande tevore op die Perd-en Wynfees in die Agter-Paarl gehuldig.

By beide hierdie geleenthede het die fenomenale suksesverhaal van hierdie 83-jarige grysaard almal teenwoordig geïnspireer. As armmanskind is hy in 1928 by Wellington gebore en vandaar het die gesin na Kraaifontein verhuis. Tyd vir skoolgaan was beperk en as elfjarige moes Pieter baie oggende twee-uur uit die vere om sy pa se melkery aan die gang te hou.

Nadat hy as jongeling op Malmesbury sandlorrie gery en handearbeid verrig het, het hy vanaf dié dorp melkaflewerings by Royal Dairies in Kaapstad gedoen. In 'n poging om uiteindelik oor 'n eie vragmotor te beskik, het hy later nagskof gewerk en bedags sy eie karweiwerk gedoen. Hierdie byna ononderbroke werkery het hom mettertyd die bynaam Dag-en-Nag laat toekom – 'n naam wat steeds sinoniem met hom is.

Die vervoeronderneming wat later hieruit voortgevloei het, het in 'n stadium uit 'n vloot van 30 vragmotors betaan. Benewens die feit dat hy nou reeds vir etlike jare woonagtig is in Table View met 'n see-utsig oor die Moederstad, beskik hy tans ook oor plase by Kuruman en buite Malmesbury.

Dit is hier, op The Grange, waar hy sy Van Imhoff-Friesperdstoet huisves. Hy beskik reeds vanaf 34-jarige ouderdom oor swart skouperde – sedert hulle nog as Vlaamperde bekend was.

Dit is egter met 'n groot mate van dankbaarheid en trots dat hy terugdink aan sy groot mentor, wyle Lambert Smith, by wie hy die die fyner kunsies van koetsiersvernuf geleer het.

"Nie net het ek vir jare lank sy paar Vlaamperdhingste in aksie bewonder nie, maar ook sy buitengewone koetsiersvermoë. In die tuig het hulle net nie hul gelyke gehad nie en boonop was die legende wat hul gedryf het, 'n bobaas-koetsier. "

Oom Pieter sê dit was hierdie wynboer van die plaas Vondeling teen die Voor-Perdeberg wat hom vir jarelank geïnspireer het om nie net met sy perdevertonings te volhard nie, maar ook om toe te sien dat beide perd en koetsier die skou-arena in 'n netjiese toestand betree.

Oor die jare het hy dus besef dat die dryfkuns beslis vergemaklik word as dit met behulp van 'n goeie leermeester beproef word. "Indien 'n mens oor die nodige aanvoeling daarvoor beskik en boonop die regte 'hande' daarvoor het, is dit 'n bonus."

Lambert Smith se seun, Bertus, het die skoutradisie van sy pa met sukses voortgesit en sedert die einde sewentigerjare het die swart hingste van mnr. Loubser in dié spore van sy leermeester gevolg en hy het die kampioenskappe begin inryg. In die hand, in die enkel- en dubbeltuig, asook in die tandem en vierspan is sy perde reeds oor dekades deel van veral die Wes-Kaapse skou-opsett.

Sedert die nasionale kamioenskappe van die Friesperdtelersgenootskap van Suid-Afrika in 1980 vir die eerste keer op Tulbagh gehou is, het die ingevoerde hings, Riemer, en sy maat KW, vir agt agtereenvolgende jaar die grootkampioenskap vir 'n paar hingste in die tuig verower. Daarná was dit Boland en Riempies, gevolg deur President en Vermaak, Leffert en President, KW, junior, en Nugget en onlangs nog LJ en Nugget.

Sy gitswart Frieshingste in die tuig het oor 'n tydperk van 31 agtereenvolgende jare slegs een keer die onderspit gedelf. Dit was teen 'n paar karperde van sy jarelange vriend, Jannie Louw, destyds van Hermon.

'n Goeie mede-koetsier is onontbeerlik vir vertonings van gehalte en in dié opsig is Oom Pieter vir ongeveer vyftien jaar bygestaan deur mnr. Abraham Dawson en later deur mnr. Barend Croy. Deesdae is sy seun, Johan, en dié se seun, Pieter, ook gereelde koetsiers wanneer hul benodig word.

Hierdie trekperd-baanbreker was ook die langsdienende voorsitter van die Friesperdtelersgenootskap van SA, nl vir 'n ononderbroke 12 jaar.

Dit was in hierdie tydperk dat hy en Piet Botha dié groot invoerders van Friesperde uit Nederland was. Piet het reeds meer as 40 Friese ingevoer, asook 12 Norikerperde. Die Noriker, wat 'n medium-swaar trekperdras is, is 'n ras van antieke oorsprong en word in veral Oostenryk (die stamland) en Duitsland gebruik om bierwaens te trek.

So in sy aard is die 67-jarige Piet Bedryf ook die alewige entrepreneur. Toe hy in die 1980's vanaf die familieplaas tussen Windhoek en Gobabis grond hier oos van Lichtenburg bekom het, het hy in dié tradisionele mieliewêreld die eerste spilpuntbesproeiingstelsel kom staanmaak. Vandag is dit hier 'n algemene gesig.

En so saam met die invoer van Noriikerperde (wat 'n eerste in ons land was) het hy ook 'n pragstuk van 'n bierwa gebou – die enigste funksionele bierwa in die land.

**Piet se liefde vir perde en sy handhawing van Duitse tradisies kom uiteraard van sy oupa aan moederskant, Paul Straube. Net so het sy ma, Ida Charlotte, wat 'n sjef by uitnemendheid was, 'n voorkeur vir Duitse geregte by hom vasgelê.**

Sy pa, Hendrik, was oorspronklik van Carnarvon in die Karoo.

Piet Bedryf het sy eerste Friesmerries by Kobie Oberholzer, destyds van Uniondale, gekoop en mettertyd nog merries uit die voorste Friesperdstoeterye in die Wes-, Noord- en Suid-Kaap.

Nadat hy en Dag-en-Nag Friesland besoek het, het hy begin hingste invoer – perde wie se nageslag steeds 'n uitnemende rol in die plaaslike Friesperdopset vervul. Daar was onder meer Ruurd in 1994, Eibert in 1997 en Jildert wat hy in 1999 saam met dr. Bennie Smit van Piketberg die land ingebring het.

Enkele ander bekende hingste was Uwo, Wietze van 't Sonnis, Bertus B, Fritz vd Warne Hoeve, Falco T, N Teun, Teun T en onlangs ook vir Auke V. Van hierdie hingste is vir rekordbedrae deur Niekie Pienaar van die Adelpragstoet, Potchefstroom, aangeskaf.

Aangesien Piet homself nie as 'n groot voorstander van skoue beskou nie, is dit ironies dat een van sy grootste prestasies juis op 'n skou behaal is. Dit was in 2002 toe Jildert uit bykans 2 000 perde van verskillende rasse op Kyalami tot Perd-van-die-Jaar bekroon is.

# The use of upgrading in STUD BREEDING

**CHARL HUNLUN** – SA Stud Book Association, Bloemfontein

Upgrading is a breeding system where the approved progeny of previously unrecorded females with specific characteristics are used in the processes of formal stud breeding. The process is also known as open nucleus breeding. Most breeders' societies in South Africa and around the world allow upgrading as a means of entry into the stud books of their respective breeds.

Typically, when commercial or unrecorded females of a specific breed-type are mated with fully registered males of that breed, the female progeny of that mating becomes eligible for recording in the Appendix Section of the stud book of the particular breed. Usually, inspection by the relevant breeders' society is a prerequisite for recording such animals. The repeated mating of the progenies in the Appendix Sections of the stud book with fully registered males, and the inspection of those progenies, lead to a process of 'upgrading' to the fully registered status of the qualifying progeny. Breeders' societies that allow upgrading each have their own rules for upgrading animals in their stud books.

**Advantages of upgrading**

An 'open' stud book generally has several advantages for a breed that allows this practice:

- upgrading is the most cost-effective way for new breeders to acquire stud animals
- allowing upgrading in a breed leads directly to an increase in the number of breeders and breeding animals in the breed
- upgrading provides a solution to the problem of escalating inbreeding in breeds with closed registries
- upgrading provides a means for introducing genes that did not previously exist in a breed to be introduced into the population
- upgrading provides a means for increasing the genetic variability in a population
- upgrading provides a means for maintaining favourable levels of heritability in populations where genetic diversity becomes limited
- upgrading provides a means for maintaining genetic vigour in a breed without sacrificing additive genetic merit or breed characteristics, and
- an active Appendix system will allow rapid changes in breeding direction in cases where it is demanded by market forces.

# Die rol van opgradering in STOET-TELING

**CHARL HUNLUN** – SA Stamboekvereniging, Bloemfontein

Opgradering is ŉ teeltstelsel waar die goedgekeurde nageslag van voorheen onaangetekende vroulike diere met spesifieke eienskappe in die formele stoettelingsproses gebruik word. Die proses staan ook bekend as oop-kernteling. Opgradering word wêreldwyd en deur die meeste telersgenootskappe in Suid-Afrika aanvaar as ŉ manier waardeur diere tot hul onderskeie rasse se stamboeke toegelaat kan word.

Dit is tipies dat, wanneer kommersiële of onaangetekende vroulike diere van ŉ spesifieke rastipe met volgeregistreerde manlike diere van daardie ras gepaar word, die vroulike afstammelinge van daardie paring kwalifiseer vir aantekening in die Hulpstamboek van die die spesifieke ras. Gewoonlik is inspeksie deur die betrokke telersgenootskap ŉ voorvereiste vir aantekening. Die herhaalde paring van die vroulike nageslag van diere in die Hulpstamboek met volgeregistreerde manlike diere, en die inspeksie van daardie nageslag, lei tot ŉ proses van 'opgradering' van die kwalifiserende nageslag na volgeregistreerde status. Telersgenootskappe wat opgradering toelaat het elk hul eie reëls ten opsigte van die opgradering van diere in hul stamboeke.

**Voordele van opgradering**

Oor die algemeen hou ŉ 'oop' stamboek verskeie voordele in vir ŉ ras wat hierdie praktyk toelaat:

- opgradering is die mees koste-doeltreffende wyse vir nuwe telers om stoetdiere te bekom
- die toelating van opgradering in ŉ ras lei direk tot ŉ groter aantal telers en meer teeldiere in die ras
- opgradering bied ŉ oplossing vir die probleem van stygende inteling in rasse met geslote registers
- opgradering bied ŉ metode waardeur gene wat nie voorheen in die ras voorgekom het nie, in ŉ populasie ingevoer kan word
- opgradering bied ŉ metode om die genetiese variasie in ŉ populasie te vergroot
- opgradering voorsien ŉ wyse waardeur gunstige oorerflikheidsvlakke gehandhaaf kan word in populasies waar genetiese diversiteit beperk raak
- opgradering voorsien ŉ wyse waarop genetiese lewenskragtigheid in ŉ ras gehandhaaf kan word sonder om additiewe genetiese meriete of raseienskappe in te boet, en

# MIHANLO

*Uit ons klein, geselekteerde stoet stel ons 2 Nasionale Kampioene bekend:*



ROOS ANNE T. (ingevoer)
SA Senior Grootkampioen Merrie te Parys
Meermalige In Hand en Enkeltuig Grootkampioen
Top Merrie Alle Rasse by Interras Kampioenskappe te Pretoria



ANNABEL
SA Grootkampioen Vul
Uitgesonder as Perd van Skou op 10 maande te Tulbagh

*Ook uit ons stal:*



YNS K. (1ste premie vul in Holland, seun van Harmen 424)
Senior Kampioen Hings te Lutzville



MIRKA
Junior Kampioen Merrie te Standerton op slegs 22 maande

JONGSTE NUUS: Vereeniging Skou:
Roos Anne T.: Senior Kampioen Merrie en Enkeltuig Grootkampioen
Yns K.: Reserwe Senior Kampioen Hings

Eienaars: Hermien Schoeman (Groblersdal) – 079 882 6867 Nikki Groenewald (Vredendal) – 082 926 7833




POSEIDON
FRIESIAN STUD

# Jean & Denise Morton

Gardenvale, Kliprivier 082 776 2982

## Hingste op Stoet

Dekkings beskikbaar op versoek

Bismarck (vaar Elan)

Oscar (vaar Aramis, vaar's vaarWietze van't Sonnis

Zydor (vaar Dorus fan de Ketting)

Beldor (vaar Zydor)

POSEIDON
FRIESIAN STUD








**The upgrading process**

It is estimated that open nucleus breeding systems, where the relevant traits are actively and effectively evaluated, provide approximately ten percent more genetic gain than closed systems, as the breeding programme will benefit from the additional selection opportunities being created and the increased variability in the population.

In practice, many breeders' societies have a firm base of commercial or 'grade' breeders who use only males or semen of that particular breed in their herds. Many stud breeders also have substantial commercial herds of unrecorded animals of the same breed as their stud herds. In these cases there are a substantial number of suitable females available that conform to the requirements set for breed characteristics and performance. On inspection and approval by the breeders' society, these females may serve as base dams for upgrading. By mating them with fully registered males, and recording the birth and performance particulars of the (usually) female progeny of these base dams, this progeny is then recorded in the first Appendix (Appendix A) of the stud book of the breed.

Similarly, when these Appendix A females are mated with fully registered males and the birth and performance particulars of the (usually) female progeny of these Appendix A dams are recorded, their progeny is recorded in the second Appendix (Appendix B) of the stud book of the breed. Generally the progeny resulting from the mating of Appendix B females and fully registered males are considered to be purebred and are registered as such (SP: Stud Book Proper) in the stud book of the breed.

**A schematic representation of the process**

| | | |
|---|---|---|
| Approved base dam | × | Registered purebred male |
| ↓ | | |
| Appendix A female | × | Registered purebred male |
| ↓ | | |
| Appendix B female | × | Registered purebred male |
| ↓ | | |
| Stud Book Proper animal | | |

The 'breed purity' of fully registered animals that were bred through the upgrading process depends largely on the breed purity of the base dams that were used to breed the first recorded generation in the Appendix of the stud book. In turn, this is a factor of how many generations of unrecorded or commercial pure breeding had been practised to beget the base dams. The relative breed purity in this regard is shown in the table below. Most breeders' societies have fairly strict rules regarding this aspect of the upgrading process. The relative breed purity of the males used in the process also plays a role in this regard.

**The relative breed purity (percentage) of Appendix and Stud Book Proper animals in an upgrading system**

| Generations of commercial pure breeding | 1 | 2 | 3 | 4 |
|---|---|---|---|---|
| Breed purity of base dam | 50 | 75 | 87.5 | 93.75 |
| Breed purity of Appendix A | 75 | 87.5 | 93.75 | 96.88 |
| Breed purity of Appendix B | 87.5 | 93.75 | 96.88 | 98.44 |
| Breed purity of Stud Book Proper | 93.75 | 96.88 | 98.44 | 99.22 |

- ŉ aktiewe Hulpstamboekstelsel skep ŉ geleentheid om teeltrigtings vinnig aan te pas in omstandighede waar veranderende markte dit vereis.

Dit word beraam dat oop-kernteeltstelsels, waar die toepaslike eienskappe aktief en doeltreffend geëvalueer word, ongeveer tien persent meer genetiese vordering kan meebring as geslote stelsels, aangesien die teeltprogram baat by die bykomende seleksiegeleenthede en die verhoogde variasie wat in die populasie geskep word.

**Die opgraderingsproses**

In die praktyk het talle telersgenootskappe ŉ stewige basis van kommersiële- of 'graad'-telers wat slegs manlike diere of semen van daardie ras in hul kuddes gebruik. Baie stoettelers het ook aansienlike kommersiële kuddes van onaangetekende diere van dieselfde ras as hul stoetkuddes. In sulke gevalle is daar gewoonlik ŉ groot aantal geskikte vroulike diere beskikbaar wat aan die basiese vereistes voldoen. Met inspeksie en goedkeuring deur die telersgenootskap kan sulke vroulike diere as basismoeders in ŉ opgraderingsprogram gebruik word. Deur hulle met volgeregistreerde manlike diere te paar en die geboorte- en prestasiebesonderhede van (gewoonlik) die vroulike nageslag van hierdie basismoeders aan te teken, word hierdie nageslag dan in die eerste hulpstamboek (Hulpstamboek A) van die ras se stamboek aangeteken.

Insgelyks, wanneer Hulpstamboek A vroulike diere met volgeregistreerde manlike diere gepaar word en die geboorte- en prestasiebesonderhede van die (gewoonlik) vroulike nageslag van hierdie Hulpstamboek A moeders aangeteken word, word hierdie nageslag in die tweede hulpstamboek (Hulpstamboek B) van die ras se stamboek aangeteken. Normaalweg word die nageslag wat ontstaan uit die paring van Hulpstamboek B vroulike diere en volgeregistreerde manlike diere as 'suiwer' beskou, en word as volgeregistreerd (SP: Stud Book Proper) in die ras se stamboek geregistreer.

**Skematiese voorstelling van die proses**

| | | |
|---|---|---|
| Goedgekeurde basismoeder | × | Volgeregistreerde manlike dier |
| ↓ | | |
| Hulpstamboek A vroulike dier | × | Volgeregistreerde manlike dier |
| ↓ | | |
| Hulpstamboek B vroulike dier | × | Volgeregistreerde manlike dier |
| ↓ | | |
| Volgeregistreerde dier | | |

Die 'rassuiwerheid' van volgeregistreerde diere wat deur die opgraderingsproses geteel is, hang grootliks af van die rassuiwerheid van die basismoeders wat gebruik word om die eerste generasie in die Hulpstamboek van die stamboek te teel. Dit is op sy beurt ŉ faktor van hoeveel generasies van kommersiële of onaangetekende suiwerteling plaasgevind het om die basismoeders te teel. Die relatiewe rassuiwerheid in hierdie verband word in die onderstaande tabel aangetoon. Die meeste telersgenootskappe het redelike streng reëls oor hierdie aspek van die opgraderingsproses. Die rasegtheid van die manlike diere wat in die prosesse gebruik word speel ook hierin ŉ rol.

Many variations on this basic procedure exist, and breeders' societies that allow upgrading in their breeds structure the rules governing the practice to suit their individual needs. Some breeders' societies allow the use of Appendix A and B males for breeding purposes; some allow only the use of Appendix B males and then only for breeding in commercial or grade herds. Other breeders' societies have an additional Appendix Register (Appendix C) before recognising the progeny as purebred. However, one basic rule always applies: the resultant progeny is always one category higher than that of the lowest parent.

**Basic principles for upgrading programmes**
To be able to benefit from an upgrading system, breeders' societies should ensure that a few basic principles are built into their upgrading programmes:

- formulate and apply appropriate rules on the breed composition of base females
- base females and Appendix animals should conform to the breed standards; selectively lower standards may be used for base females and Appendix A animals
- Appendix animals should be evaluated together with Stud Book Proper animals for all relevant traits
- strive for maximum excellence in all respects in Appendix animals, and
- structure the upgrading programme in such a way that it attracts as many participants as possible.

Upgrading is an age-old and well-recognised process that plays a vital role in the constant improvement of many breeds all over the world.



**Die relatiewe rassuiwerheid (persentasie) van Hulpstamboek en volgeregistreerde (SP) diere in ŉ opgraderingstelsel**


| Generasies van kommersiële suiwer teling | 1 | 2 | 3 | 4 |
|---|---|---|---|---|
| Rassuiwerheid van basismoeder | 50 | 75 | 87.5 | 93.75 |
| Rassuiwerheid van Hulpstamboek A | 75 | 87.5 | 93.75 | 96.88 |
| Rassuiwerheid van Hulpstamboek B | 87.5 | 93.75 | 96.88 | 98.44 |
| Rassuiwerheid van volgeregistreerde diere | 93.75 | 96.88 | 98.44 | 99.22 |

Daar bestaan heelwat variasies op hierdie basiese prosedure, en telersgenootskappe wat opgradering in hul rasse toelaat formuleer self die reëls daarvoor na gelang van hul behoeftes. Sommige telersgenootskappe laat die gebruik van Hulpstamboek A- en B-manlike diere toe vir teeltdoeleindes; sommiges laat slegs die gebruik van Hulpstamboek B-manlike diere toe, en dan alleenlik vir teling in kommersiële- of graadkuddes. Ander telersgenootskappe het ŉ bykomende Hulpstamboek register (Hulpstamboek C) voordat hulle die afstammelinge as volgeregistreerd erken. Een basiese reël geld egter altyd: die nageslag is altyd een kategorie hoër as dié van die laagste ouer.

**Basiese beginsels vir opgraderingsprogramme**
Om voordeel te kan trek uit ŉ opgraderingstelsel moet telersgenootskappe sorg dra dat ŉ paar basiese beginsels in hul opgraderingsprogramme ingebou is:

- formuleer gepaste reëls oor die rassamestelling van basis vroulike diere, en pas dit toe
- basis vroulike diere en Hulpstamboekdiere moet aan die rasstandaarde voldoen; laer standaarde mag selektief op basis vroulike diere en Hulpstamboek A-diere van toepassing wees
- Hulpstamboekdiere behoort saam met volgeregistreerde diere geëvalueer te word
  vir alle toepaslike eienskappe
- strewe na maksimum voortreflikheid in alle opsigte vir Hulpstamboekdiere, en
- struktureer die opgraderingsprogram sodanig dat dit soveel moontlik deelnemers lok.

Opgradering is ŉ eeu-oue en welerkende proses wat wêreldwyd ŉ noodsaaklike rol speel in die voortdurende verbetering van baie rasse.





Inus van Esfané
(Beart 411 x Brandus 345)
2012 FPSSA
Reserwe junior
kampioen hings



Ifina KW
(Doaitsen 420
x Leffert 306)
2012 FPSSA
Reserwe junior
kampioen merrie


**Ons Passie**

Afrikanerbeeste ✓
Friesperde ✓
Rugby ✓

ESFANÉ STOET

Nico van der Walt
082 550 2227

nico@esfanefriesperd.co.za
www.esfanefriesperd.co.za



Voorlopig Kroon
merrie Tjerkje W
(Felle 422 x Pike 316)
Het al verskeie FPSSA
titels in haar
loopbaan gewen



ESFANÉ
FRIESPERD - FRIESIAN HORSE

**JAARLIKSE VERKOPING** NB

Alle perde op hierdie bladsy sal te koop
wees by ons veiling op 17 Oktober 2012.

Foto's: H2 Photography
Ontwerp: Colourcode Designs

Ster hings Viando B (Tije 401 x Feitse 293)
Het al vele FPSSA titels in hand,
onder saal, en in tuig gewen.
Behaal 84.5 in IBOB toets in 2011.


Aveleda Friesian Stud
Wietse De Leije
Bendiks Fane
Vesta Hoeve
Aveleda
Friesian Stud
www.aveledafriesianstud.co.za
Wessel Basson - 083 628 0765

# BEOORDELAARSLYS

## Seniors

### SENIOR BEOORDELAARS

| Naam en Van | Adres | Huis Nr | Sel Nr | Epos |
|---|---|---|---|---|
| HLER Botha | Posbus 161, Vrede, 9835 | | 0823251090 | hlrbotha@gmail.com |
| Willie Buys | Posbus 579, Vredenburg,7380 | | 0823376628 | bbuys@pioneerfood.co.za |
| Andries Domberg | Posbus 54, Hugenoot, 7645 | | 0824913797 | Andries.domberg1@gmail.com |
| Leno Dissoto | Posbus 461, Bothaville, 9660 | | 0711527815 | |
| Sydney Kidson | Posbus 13324, Clubview, 0014 | | 0825750383 | Sydney.kidson@ellerienes.co.za |
| Hugo Visser | Posbus 354, Porterville, 6810 | | 0832337771 | Hugo.visser@kaapagri.co.za |
| Jannie Pienaar | Posbus 225, Petrusburg, 9932 | | 0825617141 | |
| Chris Bredenkamp | Posbus 288, Bultfontein, 9670 | | 0825743767 | eugenegeyer@vodamail.co.za |
| SE Wessels | Posbus 104, Clocolan, 9735 | | 0822611276 | |
| Jannie Louw | Ranzadalestr 2, Wellington, 7655 | 021-8737341 | | |
| Johan Lambrecht | Posbus 68, Phillippolis, 8795 | | 0827540250 | |

## Juniors

### JUNIOR BEOORDELAARS

| Naam en van | Adres | Huis Nr | Sel nr | epos |
|---|---|---|---|---|
| J Moore | Posbus 7076, Bloemfontein, 9300 | | 0832806206 | 0832806206@mtnloaded.co.za |
| M Hartzenberg | Posbus 33, Sannieshof, 2760 | | 0828217104 | |
| Sias Horn | Box 92092, Mooikloof, Pretoria, 0059 | | 0823372160 | Sianda001@vodamail.co.za |
| Job Steenkamp | Posbus 144, Victoria Wes, 7070 | Fax 053-6210550 | 0828987726 | |
| Gert Vorster | Posbus 591, Vredendal, 8160 | | 0836544279 | gertv@bpatlantic.co.za |
| Petro Steenkamp | Posbus 201, Griekwastad, 8365 | | 0731933546 | eponafriesianstud@yahoo.com |
| Mariaan Ferreira | Posbus 177, Babsfontein,1510 | | 0837954182 | Marianneferrera4@gmail.com |
| L Cierenberg | Posbus 532, Ficksburg, 9730 | | 0824637609 | Lanie24@telkomsa.net |
| Leon Botha | Posbus 231, Grootvlei, 2420 | | 0832350768 | leon@victrio.co.za victrio@vodamail.co.za |
| Regart Van Rooyen | Posbus 47, Dewetsdorp, 9940 | | 0728478118 | vregardt@yahoo.com |
| Eben Ras | Posbus 867, Hoedspruit,1380 | | 0724252044 | nfo@rongueritefriesianstud.co.za |
| Dick Swanepoel | Posbus 73, Dewetsdorp, 9940 | | 0839755011 | dickswan@webmail.co.za |

# Paddadorsfees Vrede Skou 2012

Kampioen Siertuig H/M/R bo 4




Vertooner: P.J. Terblanche

Snr Kampioen Hings bo 4





Vertooner: Plaatjies

Kampioen Siertuig H/M/R onder 4





Vertooner: Johan Matthews

Kampioen 4-Span H/M/R in kar




Vertooner: Plaatjies & Chris

Snr Kampioen Merrie bo 4




Vertooner: Dawid

Kampioen Dubbeltuig H/R bo 4




Vertooner: Plaatjies & Chris

Kampioen Driegang Tadisioneel M/R bo 4




Vertooner: Dale Brits

Snr Kampioen Driegang Tradisioneel




Vertooner: Elmien Terblanche

Kampioen Driegang Universeel





Vertooner: P.J. Terblanche

Kampioen Tandem




Vertooner: Plaatjies en Chris

Jnr Kampioen Hings bo 1 onder 4




Vertooner: Dawid

Snr Kampioen Enkeltuig




Vertooner: P.J. Terblanche

Jnr Kampioen Enkeltuig





Vertooner: P.J. Terblanche

Kampioen Driegang Tradisioneel Hings bo 4




Vertooner: Klaas Venter

Jnr Kampioen Merrie Bo 1 Onder 4




Vertooner: Dawid

Kampioen Dubbeltuig R/M onder 4




Vertooner: Johan & Sias

Kampioen Dubbeltuig Merrie bo 4




Vertooner: Sias & Klaas



PhotoGrafix Studio

Photography & Design by:

Ariena Pretorius
0844068905

ariena.vanderwalt@yahoo.com

www.photografixstudio.co.za




# JANSIE
## FRIESPERD STOET

Jan & Ansie du Preez : 082 490 1930

























AAN GOD AL DIE EER










# GESEËN MET KAMPIOENE

## 2011 PRETORIA

| | |
|---|---|
| JUNIOR KAMPIOEN HINGS | LAMORAK |
| KAMPIOEN SENIOR MERRIE | ISADORA |
| KAMPIOEN DAMES ENKELTUIG | JANSIE ADONIS |
| KAMPIOEN DUBBELTUIG | JANSIE FALCOR & LAMORAK |
| RESERWE KAMPIOEN DUBBELTUIG | JANSIE MAXWELL & JANSIE FALCON |
| KAMPIOEN HINGS MET AFSTAMMELING | FALCOR |
| RESERWE JUNIOR KAMPIOEN 3 GANG | LAMORAK |
| RESERWE KAMPIOEN TANDEM | JANSIE MAXWELL & FALCOR |
| RESERWE SENIOR KAMPIOEN ENKELTUIG | JANSIE ADONIS |
| KAMPIOEN VIERSPAN | JANSIE MAXWELL & SCHWARTZ<br>JANSIE FALCON & JANSIE TULBAGH |

## 2011 BLOEMFONTEIN

| | |
|---|---|
| HINGSONDER 2 JAAR - 1 STE | JANSIE FALCOR |
| RESERWE JUNIOR KAMPIOEN HINGS | LAMORAK |
| SENIOR KAMPIOEN MERRIE | ISADORA |
| SENIOR KAMPIOEN HINGS | FALCOR |

## 2011 SA KAMPIOENSKAPPE – TULBAGH

| | |
|---|---|
| BESTE AFGERIGTE PERD | ISADORA |
| SENIOR KAMPIOEN HINGS – 3 DE | FALCOR |
| SENIOR KAMPIOEN MERRIE – 3 DE | ISADORA |
| JUNIOR KAMPIOEN HINGS | JANSIE FERNANDO |
| JUNIOR KAMPIOEN MERRIE | JANSIE SENORITA |
| RESERWE JUNIOR KAMPIOEN 3 GANG RYPERD | JANSIE FERNANDO |
| KAMPIOEN DAMES DUBBELTUIG | JANSIETULBAGH & FALCOR |

## 2012 SA KAMPIOENSKAPPE – BLOEMFONTEIN

| | |
|---|---|
| JUNIOR KAMPIOEN MERRIE | JANSIE ANGELIQUE |
| JUNIOR KAMPIOEN HINGS | LAMORAK |
| RESERWE JUNIOR KAMPIOEN MERRIE | JANSIE SENORITA |
| RESERWE JUNIOR KAMPIOEN HINGS | JANSIE FALCOR |
| KAMPIOEN MERRIE & AFSTAMMELING | ISADORA |
| KAMPIOEN HINGS & AFSTAMMELING | FALCOR |
| RESERWE SENIOR KAMPIOEN PAAR IN KAR | JANSIE JUANITA & BISCHKA |
| RESERWE KAMPIOEN TEELHINGS | FALCOR |
| SENIOR KAMPIOEN SKOUHINGS | JANSIE ADONIS |
| RESERWE KAMPIOEN TEELMERRIE | ISADORA |
| KAMPIOEN DAMES DUBBELTUIG | FALCOR & LAMORAK |
| RESERWE KAMPIOEN TANDEM | JANSIE FERNANDO &<br>JANSIE FRANCO |
| JUNIOR KAMPIOEN ENKELTUIG | JANSIE SENORITA |
| GROOT KAMPIOEN VIERSPAN | JANSIE TULBAGH & FALCOR<br>JANSIE MAXWELL & JANSIE ADONIS |










*AAN GOD AL DIE EER. "DIE MENS KAN DIE PERDE AFRIG, MAAR DIT IS GOD WAT DIE OORWINNING GEE."*






# JANSIE
# FRIESPERD STOET

KAMPIOEN FALCOR MET KAMPIOEN AFSTAMMELINGE

KAMPIOEN FALCOR MET KAMPIOEN AFSTAMMELINGE




## KAMPIOEN FALCOR

| | | |
|---|---|---|
| 2004 | TULBAGH | SA JUNIOR KAMPIOEN 3 GANG |
| 2005 | TULBAGH | SA RES KAMPIOEN 3 GANG |
| 2006 | TULBAGH | SA KAMPIOEN SENIOR HINGS |
| | | SA KAMPIOEN SENIOR 3 GANG |
| 2006 | HORSE OF THE YEAR | KAMPIOEN SENIOR HINGS |
| | | RES. KAMPIOEN ENKELTUIG |
| | | GROOT KAMPIOEN 3 GANG |
| 2006 | BLOEMFONTEIN | KAMPIOEN SENIOR 3 GANG |
| 2007 | TULBAGH | SA KAMPIOEN SENIOR HINGS |
| | | SA KAMPIOEN SENIOR 3 GANG |
| 2007 | BLOEMFONTEIN | RES. KAMPIOEN SENIOR 3 GANG |
| | | KAMPIOEN IN DIE LANGLYNE |
| 2008 | TULBAGH | SA RES. KAMPIOEN SENIOR HINGS |
| 2008 | BLOEMFONTEIN | SA KAMPIOEN SENIOR HINGS |
| | | SA RES. KAMPIOEN SENIOR DUBBELTUIG |
| 2009 | TULBAGH | SA RES. KAMPIOEN SENIOR HINGS |
| 2009 | PRETORIA | KAMPIOEN SENIOR HINGS |
| 2011 | BLOEMFONTEIN | KAMPIOEN SENIOR HINGS |
| | BLOEMFONTEIN | KAMPIOEN HINGS/ AFSTAMMELINGE |
| 2011 | PRETORIA | KAMPIOEN HINGS / AFSTAMMELINGE |
| | | RES. KAMPIOEN TANDEM |
| | | KAMPIOEN SENIOR DUBBELTUIG H/M/R |
| | | SA KAMPIOEN DAMES DUBBELTUIG |
| 2009 | TULBAGH | SA NASIONALE KAMPIOEN |
| | | SA KAMPIOEN SENIOR 3 GANG |
| 2012 | BLOEMFONTEIN | SA RES KAMPIOEN TEELHINGS |
| | | SA KAMPIOEN HINGS / AFSTAMMELING |
| | | SA KAMPIOEN DAMES DUBBELTUIG |
| | | SA KAMPIOEN 4 SPAN 2012 |






















AAN GOD AL DIE EER